# DIE SKIETLOOD

242e Uitgawe 19 September 2025
saam met Koersvas 242

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS

**Teks**

### Sondag 4

**Vraag 9**: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

**Antwoord**: Nee (***Efesiërs 4:24*** ***24*** *"lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.")*, want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen (***Genesis 3:13*** *Toe vra die Here God vir die vrou: "Wat het jy nou gedoen?" en sy sê: "Die slang het my mislei, en ek het geëet."* ***1 Timoteus 2:13,14*** *Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna. Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het.*"). Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel (***Genesis 3:6*** *Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet*. ***Romeine 5:12*** *Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het.*) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

**Kommentaar**

**Vraag** In vraag 8 is die mens en sy vrye wil in diepte ondersoek. Die gevolgtrekking is dat die mens se vrye wil 'n ingewikkelde konsep is wat tog positief beredeneer kan word. Aan die ander kant bly die werklikheid dat mens nie God se wil gehoorsaam nie. In vraag 9 word 'n nuwe perspektief ondersoek. Indien die mens in die sonde vasgevang is en nie uit eie vrye wil kan ontsnap nie, is dit steeds billik van God om gehoorsaamheid te verwag? Dit sou nie verkeerd wees om te stel dat God nou vanuit 'n ander perspektief ondersoek word op grond van die mens se situasie nie, naamlik die vraag na God se verwagting as regverdig of nie. Die opstellers van die Heidelbergse kategismus is hier net eerlik in die stel van die vraag; aangesien dit 'n logiese volgende vraag is om te stel.

**Antwoord**

Vanuit ons menslike perspektief is dit inderdaad die geval dat iemand wat die onmoontlike verwag, tog as onregverdig gesien kan word, tensy hy die vermoë ontvang het om te doen wat verwag word. God het die mens na Sy beeld geskep, met die vermoë om totaal binne die wil van God te lewe. Die geskape wese word nie gevra om iets te doen waartoe hy nie geskep is nie. God het nie verander nie en Sy verwagting is gebaseer op die oorspronklike menslike toestand. Dit is nie God wat verander het nie, dit is die mens wat deur die sondeval verander is.

Die mens het met ander woorde in sy begeerte om soos God te word, die onverkwiklike situasie oor homself gebring. 'n Verkeerde begeerte het gemaak dat die mens sy status as gehoorsame skepsel verloor het, uit eie keuse en toedoen. Die mens se onvermoë tot die goeie, is sy eie skuld.

Die mens word deur die wet bewus gemaak van sy eie tekortkominge en onvermoë om die Wet te gehoorsaam. So gesien is die Wet inderdaad die tugroede na Christus (meer hieroor op die regte tyd); die Wet laat die mens besef hy is verlore.

Teen hierdie agtergrond is dit logies dat God gehoorsaamheid van die mens kan verwag en die mens kan straf vir oortreding, dit is juis en billike optrede deur God. God het ook vooraf die mens gewaarsku teen sondige optrede.

Die beswaar kan kom dat dit duisende jare gelede gebeur het en dat dit nie ons is wat oortree het nie. 'n Paar opmerkings oor so 'n moontlike beswaar. Ons het in vraag 8 reeds die mens en sy vrye wil, asook die erfsonde in diepte bespreek. Die mens se vrye wil en die aard van die erfsonde is verduidelik. In vraag 9 is die regverdige verwagting van God in die kollig. God het die vermoë vir die mens en sy nasate gegee. Die mens het dié vir homself en al sy nasate verspeel. Ursinus gebruik in sy kommentaar die voorbeeld van 'n prins wat aan 'n edelman 'n toegif maak. Daardie toegif geld vir die edelman en sy nasate. Indien die edelman rebelleer en so die toegif verloën, verloor hy dit vir homself en sy nasate. Dit is 'n goedkoop truuk om een geslag later al die skuld van die mens te verskuif na 'n vraag oor die regverdigheid van God.

Ursinus noem die beswaar dat dit nutteloos is om iets te beveel wat nie gehoorsaam kan word nie, dit is futiel om iets te verwag van iemand wat dit nie kan gee nie. Dit is 'n eendimensionele benadering tot die saak. Die fokus word op een aspek van 'n komplekse saak geplaas. Daarmee saam geld die beswaar net vanuit 'n besondere perspektief naamlik die vraag na nuttigheid. Die antwoord op hierdie beswaar wys op die baie dimensies wat raakgesien kan word en die vele nuttige toepassings wat gemaak kan word.

God se vereiste dat ons die Wet sal gehoorsaam, is nie sonder doel of rede nie, is nie futiel nie; daar is 'n dieper bemoeienis wat met die mens gemaak word. Gelowiges kry die opdrag om die Wet te gehoorsaam (onmoontlik) sodat hulle hul eie swakheid en sonde kan raaksien en erken – deur die Wet leer ons wat sonde is. Die mens word herinner aan die status en toestand van die mens voor die sondeval - die ideale menswees van gehoorsame harmonie met God. Deur eie swakheid en sonde raak te sien, word die mens daartoe gelei om te besef wat die behoefte is en God dan te vra om te hernu en herskep. Die mens begin daagliks opnuut om die Wet te gehoorsaam.

So is God se onmoontlike eis (gehoorsaamheid aan die Wet) tegelyk ons grootste voordeel, ons word gelei tot God – waar ons redding is. Augustinus het in sy boek oor volharding (vry vertaal) geskryf: "Here, gee wat U beveel, beveel wat U wil en U bevele sal nie futiel gegee word nie"

In God se krag is daar die hoop op gehoorsaamheid!